

Resensies

- Hampson, Daphne. 2002. **Christian contradictions. The structures of Lutheran and Catholic thought.** Cambridge : Cambridge University Press.
 (*L.F. Schulze*) 311
- Kuyper, A. 2001. **Particular Grace: A defense of God's sovereignty in salvation.** Grandville, MI : Reformed Free Publishing Association.
 (*V.E. d'Assonville*) 312
- Peels, H.G.L. 2002. **Heilig is Zijn Naam. Onze godsbeelden en de God van de Bijbel.** Bedum : Uitgeverij Woord en Wereld.
 (*H.F. van Rooy*) 316
- Burger, Coenie. 2001. **Ons weet aan wie ons behoort. Nuut gedink oor ons gereformeerde tradisie.** Wellington : Lux Verbi.BM.
 (*Klasie Heystek*) 317

Resensie

HAMPSON, DAPHNE. 2002. **Christian contradictions. The structures of Lutheran and Catholic thought.** Cambridge : Cambridge University Press. 323 p. Prys: R 560.00. ISBN 0521-45060-8.

Resensent: *L.F. Schulze*
(Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomse Universiteit vir CHO)

Hierdie netjiese, foutlose hardeband is die vrug van drie dekades se navorsing. 'n Mens gewaar dit aan die kwaliteit van uiteensetting, die omvangryke bibliografie (insluitende internetdata) en die netjiese persoon- en saakindekse wat die werk afrond.

Die werk begin met 'n helder uiteensetting van Luther se deurbraak onder die minder gelukkige titel, "Luther's revolution" (p. 9-55), gevolg deur "Die Katolieke alternatief" (p. 56-96), waarin veral Trente se antwoord op die Reformasie tot in die detail van die binnegevegte op hierdie Konsilie aan die leser opgedis word – voorwaar 'n besondere dis! Die "byna universele" Rooms-Katolieke misverstand (p. 4) van Luther word in 'n derde hoofstuk, "Catholic Incomprehension" (p. 97-142) in die geskiedenis sedert Trente nagespeur en veral geteken soos dit by moderne Duitse Roomse teoloë (Lortz, Manns, Küng, Rahner, e.a.) voorkom. Hoofstuk 4 is 'n "gevallestudie" (p. 5) van die heersende onbegrip aan die hand van die ontvangs van Nygren se bekende *Agape and Eros* (Nygren's Detractors, p. 143-175) in Roomse geleedere. Hoofstuk 5 bied 'n uitvoerige analise van die jongste ekumeniese eenheids-poging – dié van die *Gesamentlike Verklaring* (1999 – oor die regverdig-making deur die geloof) van Rome en die Duitse Evangeliese Kerk (EKD). In hoofstuk 6, "Dialogue with Bultmann" (p. 223-248), word Bultmann bespreek as "a ... Lutheran who exemplifies the Lutheran structure of faith" (p. 6) – 'n man wat hierdie struktuur tot in die epistemologie deurgevoer het. Prikkelend, maar nie heeltemal oortuigend nie, is "Kierkegaard's Odessey" (p. 249-284) waarin die denke van Kierkegaard as 'n sintese oorweeg word. Kan die sterk punte van albei teologieë nie saamgenoer word nie, vra die outeur, en vervolg: "Here I concentrate on the nub of the problem; the question as to how the self should be conceived in relationship to God" (p. 7). 'n Epiloog van meer persoonlike aard (p. 285-293) sluit die werk af.

In hierdie publikasie word *denkstruktuur* duidelik omskryf as “the way in which different doctrines are arranged in relation to one another, though the doctrines and concepts may themselves also differ” (p. 1). Ook word gestel dat Roomse denke onties (substansie + eienskappe) en liniêr is en Luther se denke relasioneel en dialekties. Om die twee te vergelyk is derhalwe moeilik, “because the two paradigms are strictly non-comparable” (p. 1). Rome kon Luther se “eksentriese” denke (ek leef nie meer in my en vir my nie, maar in Christus) gevolglik nog nooit begryp nie en ewe min sy dialektiese *simul iustus et peccator*, wat hulle nie anders kan lees as dat die mens op sy weg (liniêr dus) reeds deels geregverdig is en deels nog nie!

Hierdie werk, wat die teologie eintlik “van onder af” (in die goeie sin!), dit wil sê vanuit sy wortels belig, is noodsaaklike leesstof vir dogmatici en kerkhistorici. Bowendien het die outeur die gawe om in iemand anders se vel te kruip en sy denke helder en eenvoudig weer te gee. En die skryfster van dié publikasie *kan* onder die vel van ’n Luther en ’n Thomas inkruip, want, sê sy, “I am not a Christian (though I am – at least according to my own definition – certainly a theist). ...This book, and my previous post-Christian, feminist, publication are not unconnected” (p. 7).

Studente wat werklik die verskil tussen Rome en die Reformasie wil *verstaan*, moet hierdie boek lees.

KUYPER, A. 2001. Particular Grace: A defense of God's sovereignty in salvation. Translated from the Dutch by M. Kamps.
Grandville, MI : Reformed Free Publishing Association. 356 p. Prys: \$29.95.
ISBN 0 916206 66 1.

Resensent: V.E. d'Assonville, jr.
(Gereformeerde Kerke Colesberg & Philipstown)

Hierdie publikasie van Abraham Kuyper (sr.) se *Particular Grace: A defense of God's sovereignty in salvation* is ’n Engelse (Amerikaanse) vertaling van ’n werk wat reeds in 1884 in Amsterdam verskyn het met die titel *Dat de genade particulier is*. Daardie band op sy beurt was egter ook nie nuut nie, deurdat dit slegs die reeks artikels met dieselfde titel wat in *De Heraut* tussen 20 April 1879 en 13 Junie 1880 verskyn het, vir publikasie gebundel het.

In werklikheid het ’n mens dus hier te doen met ’n boek waarvan die oorspronklike alreeds meer as ’n eeu vantevore gepubliseer is. Ofskoon dit met die eerste oogopslag vreemd aandoen dat só ’n publikasie

geresenseer word, is daar etlike goeie redes vir die bespreking daarvan. In die eerste plek is dit 'n nuwe vertaling; net enkele uittreksels uit een van die hoofstukke is reeds vantevore gepubliseer. Sodoende is hierdie boek vir die eerste keer toeganklik, nie net vir die Amerikaanse mark nie, maar ook in 'n wyer, wêreldwye Engelsprekende verband. Tweedens is die hele vraag oor die uitverkiesing binne die groter samehang van God se genade nog altyd net so aktueel soos wat dit 'n eeu en 'n kwart gelede in Nederland was, indien nie meer nie. As tema is dit nie net van teologiese of teoretiese belang nie, maar raak dit kerk-wees en geloof aan die begin van die 21ste eeu ten diepste. In die derde plek is die historiese feit dat 'n direkte verband bestaan het tussen die oprigting van die Vrije Universiteit in Amsterdam en die oorspronklike reeks artikels van hierdie boek van betekenis en raak dit meer dimensies as bloot dít wat ons as die geloofsmatige sou aandui.

Eerlikheidshalwe toch schreef Dr Kuyper in 1879 en '80 met opzet deze artikelenreeks, opdat niemand zich tot den bouw der Universiteit mee op zou maken, zonder kennis te dragen van haar specifiek Gereformeerd karakter (vgl. J.C. Rullmann, 1929. Kuyper-Bibliografie, Deel II. Kampen : Kok. p. 114).

As 'n (histories- en karakter-gesproke) sustersinstelling van die VU is die implikasie van hierdie werk vir die PU vir CHO duidelik. Laastens toon die VSA se behoefte aan 'n publikasie soos hierdie die groeiende besef dat geen historiese wetenskap homself van die vorige eeue se ontwikkeling kan losmaak nie, ook en veral nie die teologie nie. Die Suid-Afrikaanse teologiese geskiedenis hang ten nouste saam met dié van die negentiende-eeuse Nederlandse ontwikkelinge. Miskien juis daarom is dit vandag nie net belangrik nie, maar noodsaaklik om opnuut kennis te neem van die denkgang en vraagstukke van die destydse teologiese diskussies, waardeur 'n blik gebied word op sowel die kontinentale teologie van daardie tyd as op die reformatoriese en meer bepaald die gereformeerde teologie sedert die sestiende eeu.

Die fokus van die werk blyk uit die titel, *Particular Grace*. Die primêre tema wat betrek word, is die vraag oor die geldigheid van die *Christus pro omnibus*-gedagte, die vraag of *Christus vir almal* ("Christ for all") die soendood gesterf en die versoening bewerkstellig het – 'n oortuiging wat vandag, selfs onder gereformeerdes, ook wye aanhang geniet. In sy omvattende aanpak, sowel eksegeties as dogmahistories en dogmaties, is die oorspronklike populêr-wetenskaplike artikels deur Kuyper daarop gerig om die *Christus vir almal*-oortuiging te weerlê.

Die werk bestaan uit vier dele: "1 – No Christ for all"; "2 – Tested by the result"; "3 – The unfathomable mercies"; "4 – Apparent conflict". Daarby het die vertaler dit van 'n inleiding en 'n aanhangsel voorsien. In die

inleiding, wat uiteraard gerig is op die nie-Nederlandse (gereformeerde) leser, verskaf hy insiggewende agtergrondgegevens wat in 'n populêr-wetenskaplike werk soos hierdie heel sinvol is. Die dogmahistoriese en ekklesiologiese samehang waarbinne die werk sy beslag gekry het, Kuyper se metodologiese aanpak, asook biografiese gegewens uit 'n tyd en wêreld wat ver van ons eie verwyder is, bied 'n waardevolle raamwerk waarbinne die boek beter verstaan kan word. Die aanhangsel, "Abraham Kuyper's distinction between Grace and *Gratie*" is besonder waardevol, sowel vir Engelse as Afrikaanse lesers, omdat daar, soos blyk uit resente Suid-Afrikaanse kerklike blaaië, groot verwarring bestaan oor die gebruik van byvoorbeeld die begrippe "algemene genade" ("geme[e]ne gratie"/ "common grace") en "genade". 'n Mens kry tog die indruk dat te veel teoloë, ook in Suid-Afrika, hulle oor Kuyper se genadebeskouing uitspreek sonder om ag te slaan op sy eie noukeurige onderskeiding tussen die Nederlandse begrippe "genade" (as God se reddende genade binne die perspektief van die verbond) en "gratie" (binne die uitdrukking "geme[e]ne gratie" – *communis gratia* – as nie-reddende guns ["favo(u)r"] wat God aan die hele wêreld, regverdiges en ongelowiges, skenk).

In *Deel 1* bied Kuyper 'n dogmahistoriese oorsig oor die wyse waarop die *Christus pro omnibus*-vraagstuk gehanteer is, veral binne die gereformeerde wêreld tydens en ná die Reformasie, met besondere aandag aan Dordrecht en die gereformeerde belydenisskrifte (Formuliere van Eenheid). Hy toon aan hoe toonaangewende gereformeerde teoloë van die sestiende, sewentiende en agtiende eeu op Skrifgronde konsekwent die *Christus pro omnibus*-gedagte verwerp het. Daarop meld hy die verskillende gesigspunte wat in die diskussie ter sake is en gaan hy eksegeties in op sentrale toepaslike tekste (1 Joh. 2:2; 1 Tim. 2:4; 2 Pet. 3:9). In die laaste helfte van *Deel 1* sowel as in *Deel 2* en *Deel 3* bespreek Kuyper bepaalde *teologiese*, *Christologiese* en *pneumatologiese* aspekte. In sy aanbieding daarvan kom waardevolle insigte na vore, sowel in die hantering van bepaalde teksgedeeltes, asook in die ontvouing van die verbond aan die hand van die Skrif.

Verskillende teikengroepe kan baat vind by die lees van hierdie boek. Die vertaling is vloeiend en die manuskrip is baie goed afgewerk. Die notas deur die vertaler is baie nuttig vir enigeen wat belangstel in die teologiese ontwikkeling ná Dordt, 'n tydperk wat hier in Suid-Afrika nie baie bekend is nie, maar wat tans toenemende belangstelling in Nederland geniet. Die wyse waarop gereformeerde belydenisskrifte teen die agtergrond van hulle Skrifgebruik aan die woord kom, verhoog die waarde van die boek. Besonder waardevol is die hoofstukke wat toegespits is op die eksegetiese van sleutelteksgedeeltes, veral teen hulle openbaringshistoriese agtergrond (bv. hoofstukke 3, 4, 5, 14 tot 18, 20, 23 en 32 tot 37). Enkele hoofstukke daarenteen (bv. hoofstukke 9, 10,

13) se waarde is beperk deurdat dit neig om op 'n intellektualistiese en bykans skolastieke wyse swaarde te kruis met die voorstanders van 'n *Christus pro omnibus*-uitgangspunt. Aan die ander kant kan die intellektualistiese redeneertrant nie geheel en al op Kuyper se rekening geplaas word nie: dit word in 'n sekere mate deur sy teenstanders uitgelok en daarby kom hy altyd terug na die gereformeerde belydenis, soos wat hy dit op p. 67 uitdruk:

To explain how it fits that *not believing* is wholly and only the sinner's guilt, and that *truly believing* is wholly and only of God's grace, we cannot do at all; and still we firmly maintain both, because God in his holy Word commands us humbly to confess both.

Die waarde van *Particular Grace* strek wyer as die dogmatiese veld. Vir die gereformeerde teoloog en vir die bedienaar van die Woord, maar ook vir die lidmaat wat wyer wil lees oor iets wat as deel van die sentrum van ons belydenis beskou kan word, is daar baie kosbare fyngoud om te ontgin. 'n Enkele keer of wat (bv. p. 209, voetnoot 2, waar die vertaler [slegs] na Ursinus en Olevianus as "mede-outeurs" van die Heidelbergse Kategismus verwys) blyk 'n gaping ten opsigte van die meer resente Europese navorsing, wat egter gering is, gesien teen die agtergrond van die konsekwente afronding waarvan die hele manuskrip getuig. 'n Groot leemte is egter die feit dat 'n persone-, teks- en onderwerpsregister ontbreek, iets wat die gebruikswaarde van 'n publikasie soos hierdie wesenlik sou verhoog. Sowel die onderrig van die homiletiek as van die pastoraal kan in bepaalde hoofstukke van hierdie boek ryklik stof vind.

Oor die algemeen sou die boek enige gereformeerde biblioteek verryk, met 'n groot deel van sy waarde wat enersyds in die dogmahistoriese, biografiese en bibliografiese verwysings van sowel Kuyper as van die vertaler lê, en andersyds in die eksegetiese hantering van sleutel-Skrifgedeeltes.

PEELS, H.G.L. 2002. Heilig is Zijn Naam. Onze godsbeelden en de God van de Bijbel. Woord & Wereld 48. Bedum : Uitgeverij Woord en Wereld. 104 p. ISBN 90 5046 045 3.

Resensent: *H.F. van Rooy*
(Fakulteit Teologie,
Potchefstroomse Universiteit vir CHO)

Hierdie boekie uit die pen van die Apeldoornse Ou-Testamentikus Eric Peels kan ten sterkste aanbeveel word vir sowel predikante as belangstellende lidmate. Hy raak 'n onderwerp aan wat in ons tyd uiters belangrik is, naamlik die manier waarop mense God sien. In ons tyd wil baie mense oor God alleen maar in vae terme spreek, terwyl die Bybel hom duidelik uitlaat oor wie God is. Mense sien God op baie maniere en dikwels is die beeld wat mense van God het, baie subjektief gekleur. Met die "donker" kant van God, sy oordeel, word ook dikwels nie rekening gehou nie. Teen hierdie agtergrond bied Peels 'n duidelike Bybelse korrekatief. Hy wys daarop dat vir 'n korrekte Godsbeeld ons op die Skrif alleen aangewese is. Die volle openbaring van God moet hier aan die orde kom. Die kerk het dikwels deur die eeue moeite gehad met die manier waarop God veral in die Ou Testament uitgebeeld word, maar die openbaring van God en oor God in die Ou Testament moet ernstig geneem word. Peels bekyk die openbaring sterk openbaringshistories en trek mooi lyne van die Ou Testament na die Nuwe Testament.

Vir sy bespreking van die openbaring aangaande God neem Peels die gedagte van die heiligheid van God as 'n sentrale tema. Hiervoor speel die roepingsvisioen van Jesaja 'n besondere rol. Hy bespreek verskeie Skrifgedeeltes op 'n indringende wyse. In die proses word die immanensie en transendensie van God aan die orde gestel. Die skadusy van God se heiligheid mag egter nie uit die oog verloor word nie. Daarom gee hy ook aandag aan die oordeel van God, sy jaloesie, toorn en wraak. Ook in dié opsig volg hy belangrike lyne van die Ou Testament na die Nuwe Testament. Peels spel ook uit wat die heiligheid van God beteken vir die lewens van gelowiges. Die publikasie lewer 'n bydrae tot 'n belangrike debat. Vir die bediening van predikante, en selfs vir prediking in die besonder, bevat dit baie nuttige materiaal. Die Nederlands is helder en duidelik en behoort vir geen Afrikaanssprekende 'n probleem te wees nie.

BURGER, COENIE. 2001. **Ons weet aan wie ons behoort. Nuut gedink oor ons gereformeerde tradisie.** Wellington : Lux Verbi.BM. 128 p. Prys: R49.95. ISBN 0-7963-0028-3.

Resensent: *Klasie Heystek*
(Gereformeerde Kerk Wapadrant, Pretoria)

As Direkteur van BUVTON (US) en as Moderator van die Wes-Kaapse Sinode van die NG Kerk klop dr. Coenie Burger se hart. warm vir die praktyk en konteks waarbinne kerke vandag bestaan. Die NG Kerk (en baie ander kerke) beleef 'n identiteitskrisis – veral na 1992 en 1994. Daar bestaan 'n sterk aversie – veral by jonger lidmate en selfs predikante – teen die gereformeerde tradisie. Talle lidmate “kuier” daarom oral op die kerklike erf rond op soek na sinvolle eietydse bediening.

Dr. Coenie Burger toon aan dat 'n oop gesprek tans binne die. NG Kerk gevoer word om rigting vorentoe te bepaal. Watter koers moet gekies word? Dié publikasie bied nuttige padwysers en nooi alle Christene om saam te oordeel en tot dade oor te gaan.

Naas die voorwoord bestaan die boek uit twee afdelings.

Afdeling A (p. 1-52) bevat die eerste. drie hoofstukke wat die relevansie van die gereformeerde tradisie vir die kerk van vandag aantoon. Eensyds bestaan heelwat onkunde en misverstande oor die gereformeerde tradisie. In hierdie opsig is die opsomming van. die navorsing deur I.J. Hesselink (1983: *On being reformed – Distinctive characteristics and common misunderstandings*; p. 30 e.v.) in twaalf punte baie waardevol.

Andersyds huiwer Burger ook nie om te erken dat hyself en talle gelowiges nie voldoende kennis van ons Godgegewe gereformeerde tradisie besit nie. Juis as gevolg hiervan beland die kerk maklik op. dwaalspore en het dit ook inderdaad in SA gebeur. Die gereformeerde tradisie behoort dus nie in die aanklagbank te staan nie, maar wel die kerke wat die gereformeerde spoor verlaat het.

In afdeling B (p. 53-128) word vyf kernwaarhede van die gereformeerde tradisie beklemtoon wat (vandag) vir die kerk van Christus onmisbaar is. 'n Afsonderlike hoofstuk word aan elk van hierdie vyf kernsake gewy. Die vyf aspekte is: 1. *Om te lewe voor die aangesig van God.* 2. *Gebonde aan die Woord.* 3. *Gerig op die lewe.* 4. *Bewus van ons swakheid.* 5. *In die krag van die Gees.* Doelbewus word gepoog om in die behandeling van hierdie vyf temas die gereformeerde tradisie opnuut aan kerke bekend te stel.

Die pad wat Burger kies, is na my oordeel die korrekte aangesien die gereformeerde tradisie ons inderdaad lei na 'n algehele Godgesentreerde lewe ooreenkomstig die Woord en in die kragveld van die Gees. Hierdie keuse van Burger staan vierkantig teenoor die huidige (post) moderne mensgesentreerde, positivistiese en willekeurige denk- en leefwyse wat geen hoop vir die kerk. bied nie. Daarom ons innige dank aan dr. Burger vir hierdie mooi aan die kerke.

Alhoewel teoloë veel nut van die boek sal hê aangesien dit weer die kernsake van die gereformeerde leer in vandag se konteks benadruk, is dit na my oordeel veral geskryf vir gewone lidmate. Teologies gesien, is die boek 'n aptytwekker om die boeke van Calvyn en ander Reformatore (gereformeerdes) weer nader te trek. Burger oortuig ons dat gemeentebou nie sonder 'n behoortlike dogmatiese onderbou moontlik is nie.

Ten slotte vermeld ek twee sake wat by die eventuele herdruk of uitbreiding van hierdie boek aandag behoort te ontvang:

- Skryf liever minder oor Calvyn as mens en meer oor die insig wat hy van die Gees ontvang het. Was die navorsing van W.J. Bouwsma (1988: *John Calvin – A sixteenth-century portrait*) en ander aangaande Calvyn as persoon dalk so nuut en aangrypend dat dit meer aandag ontvang het as wat dit moes? Burger se publikasie wil juis verby die mens na God en sy Woord kyk (vgl. p. 24-25).
- Indien 'n paar bladsye meer gebruik word, kan die kernsake van die gereformeerde tradisie beter gesubstansieer word uit die geskifte van die Reformatore (gereformeerdes) self en veral hulle teruggryp na die Bybel. Dit sal nie alleen aan die publikasie meer gesag verleen nie, maar ook die diensbaarheid daarvan verhoog (veral vir hulle wat nie oor primêre bronne beskik nie). Nogtans gee dié boek so 'n uitstekende breë oorsig oor die gereformeerde tradisie dat daar geen twyfel by die leser oor die benutbaarheid en vastigheid daarvan kan ontstaan nie. Nuwe navorsing – soos in dié publikasie te vind is, bevestig telkens hierdie waarheid.

Hierdie publikasie van Burger word sterk aanbeveel vir almal wat vandag sout, suurdeeg en lig in 'n (post)moderne wêreld wil wees. 'n Stewige basis vir gemeentebou word aangebied en leraars sal meer as genoeg stimuli in die boek vind om die kuddes na groen weivelde te lei waar daar rus, verkwikking en hoop is.